# Gemeenregtelike Aanspreeklikheid

## Uitbreidings

**21.** **Brandbluskoste** *of* **watergooi kostes deur lugvaartuie** (Indien in die bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie is hierdie afdeling uitgebrei om dekking in te sluit vir ***alle kostes noodwendig aangegaan met watergooi aktiwiteite of enige ander brandbestrydingsmetodes om verspreiding van brand vanaf die versekerde na enige derdeparty eiendom te voorkom***

Met dien verstande dat:

(a) sodanige derdeparty eiendom in gevaar was as gevolg van sodanige brand

(b) dekking in terme die uitbreiding alleenlik van toepassing sal wees indien uitbreiding 22 Verspreiding van brand of uitbreiding 23 Plantasies, woude en suikerriet van die afdeling van krag is

(a) die maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, nie **die bedrag in die bylae vermeld vir hierdie uitbreiding sal oorskry nie**

(d) die maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir die eerste 10% (tien persent) van die eis met 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) ten opsigte van ieder en elke eis nie.

**22. Verspreiding van brand (Indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie is Besondere uitsondering 12(c) van hierdie afdeling gekanselleer

Met dien verstande dat:

(a) verlies van of skade aan plantasies, woude of suikerriet nie deur hierdie uitbreiding gedek word nie

(b) die versekerde aanspreeklik is vir die eerste bedrag betaalbaar van 12.5% (twaalf en 'n half persent) met 'n minimum van R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand) en 'n maksimum van R50 000 (vyftigduisend rand) of die bedrag soos gemeld in die bylae van elke en iedere eis kragtens hierdie uitbreiding.

**Spesiale bepaling**:

Dit is 'n voorwaarde voorafgaande tot die aanvaarding van aanspreeklikheid dat:

(i) die versekerde moet voldoen aan alle vereistes vervat in Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig) ongeag of die brand 'n veldbrand is of nie

(ii) die versekerde 'n lid is van 'n Brandbeskermingsvereniging soos omskryf in die wet hierbo vermeld (alleenlik indien een geregistreer is in die area waar die versekerde se perseel geleë is)

(iii) die versekerde moet voldoen aan die vereistes van Artikel 12(2)(a) en (b) van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig) wat handel oor die plig om eienaars van aangrensende grond en die plaaslike Brandbeskermings-vereniging in kennis te stel van die voorneme om brandbane voor te berei en te onderhou deur te brand

(iv) brande nie toegelaat word wanneer die toestande wat verband hou met 'n hoë brandgevaar of die toestande nie gunstig is vir die doel om te brand nie

(v) die versekerde alle redelike stappe moet neem om te verseker dat 'n brand heeltemal geblus is voordat dit onbewaak gelaat word, ongeag of dit 'n veldbrand is of nie. Die bewys daarvan dat alle redelike stappe geneem is sal op die versekerde berus.

Nie nakoming van hierdie verpligtinge soos uiteengesit onder Artikel 12(1) van Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig) (voorbereiding en onderhoud van brandbane) sal nie dekking verhoed onder die uitbreiding nie, met dien verstande dat die nie-nakoming van verpligtinge nie bygedra het tot die ontstaan en/of die verspreiding van die brand nie. Die bewys daarvan sal by die versekerde berus.

**23. Verspreiding van brand na plantasies, woude en suikerriet (Indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word Besondere uitsondering 12(c) van hierdie afdeling gekanselleer

Met dien verstande dat:

die versekerde aanspreeklik is vir die eerste bedrag betaalbaar van 15% (vyftien persent) met 'n minimum van R5 000 (vyfduisend rand) en 'n maksimum van R100 000 (eenhonderd duisend rand) of die bedrag soos gemeld in die bylae van elk en iedere eis kragtens hierdie uitbreiding.

**Spesiale bepaling:**

Dit is 'n voorwaarde voorafgaande tot die aanvaarding van aanspreeklikheid dat:

(i) die versekerde moet voldoen aan alle vereistes vervat in Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig) ongeag of die brand 'n veldbrand is of nie

(i) die versekerde 'n lid is van 'n Brandbeskermingsvereniging soos omskryf in die wet hierbo vermeld (alleenlik indien een geregistreer is in die area waar die versekerde se perseel geleë is)

(iii) die versekerde moet voldoen aan die vereistes van Artikel 12(2)(a) en (b) van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig) wat handel oor die plig om eienaars van aangrensende grond en die plaaslike Brandbeskermings-vereniging in kennis te stel van die voorneme om brandbane voor te berei en te onderhou deur te brand

(iv) brande nie toegelaat word wanneer die toestande wat verband hou met 'n hoë brandgevaar of die toestande nie gunstig is vir die doel om te brand nie

(v) die versekerde alle redelike stappe moet neem om te verseker dat 'n brand heeltemal geblus is voordat dit onbewaak gelaat word, ongeag of dit 'n veldbrand is of nie. Die bewys daarvan dat alle redelike stappe geneem is sal op die versekerde berus.